maroelamedia.co.za

# Namibië bekommerd oor renosterstropery

*2 April 2024*

*AFP*

Namibië wil sy stryd teen stropery versterk nadat 28 renosters sedert die begin van die jaar vir hul horings doodgemaak is.



*Foto ter illustrasie. (Foto: argieffoto/Pete Ball/Pixabay)*

Die land se omgewingsdepartement het gesê ’n “dringende hoëvlakvergadering” is met veiligheidsbeamptes belê om maatreëls in te stel om die golf van “barbaarse” stropery die stryd aan te sê.

Die departement het ook ’n beroep op openbare hulp gedoen “in hierdie moeilike stryd” en gesê geen inhegtenisnemings is tot dusver gemaak nie.

Namibië se Etosha Nasionale Park is veral swaar getref met 19 renosters wat hier gestroop is. Daar is in Maart tydens ’n veldtog om renosters te onthoring op 10 renosterkarkasse afgekom.

Minstens 87 renosters is in 2022 in Namibië gestroop, teenoor die 45 in 2021. Statistiek vir 2023 is nog nie bekend gemaak nie.

In Suid-Afrika is byna 500 renosters verlede jaar deur stropers doodgemaak.

Deel van: SA-nuus, Wêreldnuus

In die nuus · Namibië · Renosterstropery

Ons gebruik koekies om ons webwerf behoorlik te laat werk, inhoud en advertensies te verpersoonlik, om sosialemedia-funksionaliteit moontlik te maak en om ons verkeer te ontleed. Ons deel ook anonieme inligting oor die gebruik van ons webwerf met ons sosialemedia-, reklame- en ontledingsvennote.

Aanvaar alle koekies

Koekie-instellings

## Een kommentaar

**Windhond** · *21 ure gelede*

En die is nou Stropers, nie onwettige jagters nie??